



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Psalm 16

Mr. Holland's Opus

Glenn Holland is 'n "gewone" mens. Hy is 'n onderwyser met die droom om eendag 'n bekende komponis te word. "Eendag" breek egter nooit aan nie. Nietemin het hy met sy onvervulde lewe 'n opus gekomponeer, omdat hy 'n verskil in baie ander lewens gemaak het. In die roerend slot van hierdie flik sê sy oud- en huidige leerlinge juis dit vir hom.

Saam met Dawid kan ook ons ontdek dat ons lewe, vol onvervulde drome, 'n opus kan wees - 'n opus wat 'n verskil kan maak. Dit is juis in die onvolmaaktheid van die lewe dat ons onself kan verloor om die volmaaktheid van God te vind.

Daarom hou Dawid niks terug nie wanneer hy sê dat die Here sy lewe is.

Lees die teks stadig deur.
Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Daarom kan hy aan die Here eer gee vir die sorg wat hy beleef.

Hy verstaan dat alles van die Here af kom. Dit is immers die Here wat sy deel van die lewe vir hom afgemeet het.

(Bybel 24/7)